Wenke en Truuks vir Excel 2013

Skep die regte grafiek vir jou data

Vind die beste manier om jou data op 'n grafiek voor te stel, deur van **'Recommended Charts'** gebruik te maak. Excel beveel die mees geskikte grafieke vir jou data aan. Jy kan vooraf sien hoe jou data op die verskillende grafieke sal vertoon, en dan die een kies wat jou die beste aansig gee.

Om **'Recommended Charts'** te gebruik:

1. Kies die data wat jou op die grafiek wil aantoon.

2. Klik of tik **'Recommended Charts'** op die **'Insert'-**strokie, in die **'Charts'-**groep.



3. In die **'Insert Chart'-**dialoograampie op die **'Recommended Charts'-**strokie blaai deur die lys grafieke wat Excel vir jou data aanbeveel en tik of klik enige grafiek om te sien hoe jou data sal vertoon. Om 'n voorafblik van bykomende soorte grafieke te sien, tik of klik die **'All Charts'-**strokie.



4. Wanneer jy die grafiek van jou keuse vind, tik of klik **'OK'**.

Vir meer inligting, besoek asb www.smbboss.co.za
Kontak Microsoft Suid-Afrika: 0860 22 55 67

5. Gebruik die **'Chart Elements'-**, **'Chart Styles'-**, en **'Chart Filters'**-knoppies regs bo langs die grafiek om grafiekelemente soos as-titels of data-etikette by te voeg, die voorkoms van jou grafiek pas te maak, of die data wat op die grafiek aangetoon word, te verander.



Vir toegang tot bykomende ontwerpe en formaatkenmerke tik of klik op enige plek op die grafiek om die 'Chart Tools' by die lint te voeg en tik of klik die opsies wat jy op die **'Design'-** en **'Format'-**strokies wil hê.

Grafieklintveranderinge

Saam met die nuwe **'Recommended Charts'-**knoppie groepeer die Excel 2013-lint ook verwante soorte grafieke saam, soos stippel- en borrelgrafieke. Die lint sluit ook 'n nuwe knoppie vir gekombineerde grafieke in.



Vir meer inligting, besoek asb www.smbboss.co.za
Kontak Microsoft Suid-Afrika: 0860 22 55 67

Wanneer jy 'n grafiek tik of klik, sal jy 'n eenvoudiger **'Chart Tools'-**lint sien, met slegs **'Design'-** en **'Format'-**strokies.

Ryker data-etikette

Met Excel 2013 kan jy ryk en herlaaibare teks vanaf datapunte, of enige ander teks, by jou data-etikette voeg, dit met formattering en bykomende vryvormteks verbeter en dit in omtrent enige vorm laat vertoon. Data-etikette bly in plek, selfs wanneer jy na 'n ander soort grafiek oorskakel.

Jy kan data-etikette ook op alle grafieke met lyne aan hulle datapunte verbind en nie net op sirkelgrafieke nie.

Geanimeerde grafieke

Grafiekanimasie vertoon dataveranderinge soos dit plaasvind, as jy syfers aanpas of nuwe datapunte by jou werkboek voeg. Geanimeerde grafieke is pret om dop te hou en die beweging op die grafiek laat die dataveranderinge uitstaan.

Vir meer inligting, besoek asb www.smbboss.co.za
Kontak Microsoft Suid-Afrika: 0860 22 55 67